# BOEKBESPREKING

De Gruchy, J. W.: *„The Church struggle in South Africa."* William B. Eerdmans Publ. Company, Grand Rapids, Michigan 1979. 267 p. Prys R9,00 (+R0,36 AVB). Verkrygbaar by die N.G. Kerkboekhandel.

J. W de Gruchy is 'n teoloog wat as dosent verbonde is aan die Universiteit van Kaapstad. Hy is ook predikant van die Congregational Church in South Africa en is onlangs gekies as die voorsitter van dié kerk se algemene vergadering. As teoloog ontvang de Gruchy binnelands sowel as op internasionale vlak wye erkenning, soos die Amerikaanse uitgawe van die werk ook getuig.

Hierdie boek van de Gruchy, wat vloeiend, pakkend en tog ook wetenskaplik geskryf is, handel eintlik oor die „politieke" stryd van die kerk in Suid-Afrika. 'n Groot deel nl. vier van die vyf hoofstukke is 'n historisee oorsig van die verhouding kerk en politieke ontwikkelinge in Suid-Afrika en hierdie bespreking word gevoer tot gebeure in 1978. Die laaste hoofstuk is getitel „The Kingdom of God in South Afrika" na aanleiding van Richard Niebuhr se bekende „The Kingdom of God in America" wat hy in 1937 geskryf het. In hierdie hoofstuk probeer hy om 'n prinsipieel gefundeerde standpunt te gee oor die rol van die kerk in die toekomstige Suid-Afrika.

Die historiese oorsig wat de Gruchy gee is baie insiggewend Dit gee die indruk van deeglike navorsing en 'n baie objektiewe en simpatieke oorweging vna feite en gebure. Sprekend hiervan is bv. sy behandeling van die Gereformeerde kerk. Hoewel dit blyk dat hy nie mooi kan inkom in die teologie onderliggend aan baie van ons besluite en optredes nie, is sy simpatieke benadering en poging tot eerlike begrip baie opmerklik. Dit spreek uit die feit dat hy nie die GKSA en die NG kerk en NH kerk summier oor een kam skeer en ons naat vader staan en kritiseer vir besluite en optredes van die ander twee Afrikaansekerke nie. Daarom verval hy ook nie in die eensydigheid wat in so baie van hierdie soort boeke vandag voorkom, om die Afrikaanse kerke en huidige owerheid verantwoordelik te hou vir alles wat onregverdig in die land is en die Engelse heeltemaal vry te spreek nie. Hy gee deurgaans 'n ewewigtige kritiek. Veral poog hy om na gebeure te kyk uit die gesigspunt van die swartman en juis dit maak die werk insiggewend en 'n groot byvoeging tot die toelogiese boekrak.

'n Leemte in sy beskrywing van „The Growing Conflict" (hoofstuk 3) is dat hy nie die WRK, die Christelike Instituut en die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke teologies beoordeel nie, maar pragmaties. En dit lei daartoe dat hy nie die Calvisnisme in Suid-Afrika se onbetrokkenheid ten opsigte van hierdie valse ekumeniese bewegings in perspektief kan stel nie. Oningewydes in die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis kan hieruit verkeerde afleidinge maak oor die Afrikaanse kerke se maatskaplike betrokkenheid.

Die slothoofstuk van die boek waarin de Gruchy poog om 'n antwoord te gee op die probleem kerk en politiek in Suid-Afrika bevat ook mooi elemente. Hy wys tereg en tydig aan die een kant op die gevaar van 'n piëtistiese benadering van wêreldmyding deur die kerk en aan die anderkant op die gevaar van 'n aktivistiese benadering soos ons dit vandag in die baie „genetief-teologieë" vind. Verder is sy hele benadering vanuit die koninkryksperspektief en dit maak ook hierdie hoofstuk die moeie werd om verder te oordink.

Die lees van hierdie goed gedokumenteerde en duidelik beredeneerde

hoofstuk gee egter ook lewe aan verskeie kritiese vrae 'n Mens kan vra: Word hier nie te veel gewerk met 'n institusionalistiese kerkbegrip nie? Verder laat sy stelling dat teologie nie vry staan of kan staan van ideologie nie, die wenkbroue lig, want is die stryd teen ideologiese beïnvloeding van teologie en kerk nie jupis die kern van reformasie nie? Met hierdie boek het de Gruchy 'n groot bydrae gelewer tot 'n saak wat tans in Suid-Afrika in die kalklig staan. En die bydrae lê juis daarin dat die bespreking gelig word uit die kookpot van die emosies, waninterpretasies en beskuldigings, ideologiese kompromieë en teologiese vlakheid wat tot dusver die saak kerk en politiek in SA gekenmerk het.

Dr. J. M. VORSTER.

Van Wyk, Dr. J. H.: *Die Etiek van Calvyn,* PU vir CHO, Potchefstroom, 1980 (*Wetenskaplike bydraes* van die PU vir CHO, reeks F4, nommer 9); 93 bladsye, prys R2,50.

Die Instituut vir die Bevordering van Calvinisme bewys die Calvynnavorsing in ons land 'n goeie diens met die publlkasie van die reeks „Calvyn Causerieë". Die bedoeling van die reeks is nie om nuwe bydraes oor die verskillende aspekte van Calvynse teologie te lewer nie, maar om 'n oorsigtelike beeld te bied van wat reeds op dié spesifieke terreine gepubliseer is. Hierdie Causerieë is derhalwe 'n baie handige hulpmiddel vir die student of navorser om 'n beknopte oorsig oor die inhoud van die literatuur oor 'n bepaalde aspek van Calvyn te bekom.

Met *Die Etiek van Calvyn* het dr. Van Wyk 'n waardevolle bydrae tot die reeks gemaak. Diep in die veertig artikels en boeke oor die etiek van Calvyn word opgesom — soms breedvoerig en helder oorsigtelik (bv. Kolfhaus, Leith, Wallace), terwyl nog 'n stuk of twintig werke, wat om 'n verskeidenheid redes nie vir die skrywer toeganklik was nie, vermeld word. Die skrywer meld dat hy met opset „sommige groter werke oor die etiek van Calvyn breedvoerig opgesom het sodat veral teologiese studente daarby kan baat" (voorwoord).

By die opsomming van soveel werke van verskillende aard (en uitgangspunte!) het dr. Van Wyk sy eie kommentaar wyslik tot die minimum beperk. Tereg pleit hy vir 'n onderskeiding van „Calvyns" (dit wat Calvyn geleer het) en „Calvinisties" (dit wat latere navolgers van Calvyn geleer het). Hy het 'n ope oog vir die positiewe in die werk van kriticl van Calvyn (bv. by Harkness p. 30). Hy pleit om die Reformasie „as 'n geestelike rewolusie" te tipeer kan ek egter nie onderskryf nie, omdat jy óf die inhoud van die begrip „rewolusie" moet verander, óf anders in botsing kom met die uitdruklike bedoelinge van die Reformatore, wat slegs die oorspronklike beeld van die kerk wou herstel (p. 67).

Daar is min drukfoute (Verseëlaar en Trooster — hoofletters — —p. 1, Calvynse in plaas van Calvyn se — p. 8; Kongdom in plaas van Kingdon — p. 31; anc in plaas van and — p 92), 'n enkele spelfout wat in baie werke voorkom: *Melanchthon* word sonder die laaste h geskryf (p. 4) en enkele woorde wat vreemd aandoen: „fantasiste" (in plaas van fantaste — p. 42) en „outoritaristies", wat vir my lomp klink en minder geslaag as outoritêr. Daar is 'n enkele vergissing: *Vienne* is nie Vienna (=Wenen) nie, maar 'n stad in Frankryk, geleë aan die Rhône. Dit het ±450 n C. die hoofstad van die Boergondiese ryk geword en dis hier waar die sestiende ekumeniese konsilie in 1311 vergader het (p. 64).

Die skrywer verantwoord hom waarom hy nie Marx Weber se *Die Protestantiese Ethik* opgesom het nie, nl, „omdat die materiaal herhaaldelik ter sprake kom en die causerie ook nie te lank moet word nie" (voorwoord). Aangesien die materiaal slegs hier en daar en baie kursories ter sprake kom, vind ek dit tog jammer dat die skrywer ons nie 'n kort oorsig oor die argumente van Weber gegee het nie Die belang van Weber se verbinding van Calvinisme met kapitalisme, waaroor in die afgelope 75 jaar al soveel literatuur verskyn het, vra eintlik om so 'n uiteensetting .

Ons is die skrywer baie dankbaar vir die groot werk wat hy onderneem het. Die boek lees lekker en is netjies gedruk. Dit is dubbel en dwars sy prys werd en word hartlik aanbeveel by predikante, studente, en almal wat in die Reformasie belang stel.

L F. SCHULZE.

## PUBLIKASIES VAN DIE PU VIR CHO EN IBC AAN DIE PU VIR CHO

Rev. S. Fowler: *Issues in the philosophy of education.*

Prof. C. H Boshoff: *Die Studie van die Toekoms: 'n Noodsaaklike verantwoordelikheid.*

Prof. J. E. Pieterse: *Die ideale leier.*

ACB Kongresreferate 1979: *Christenjeug en Gesag.*

Johan Snyman: *Die etiek van die neo-Marixsme.*

## BOEKE ONTVANG VIR BESPREKING

C W. H. Boshoff: *Swart Teologie van Amerika tot in Suid-Afrika.* N.G. Kerkboekhandel, Posbus 245, Pretoria. R5,60 (WLK).

Dr. J. C. Kruger: *Kerkvereniging in die lig van Uitverkiesing en Bekering.* 1980. N.G. Kerkboekhandel, Posbus 245, Pretoria. R8,55 (AdP)

D. J. Louw: *Die stad en die mens.* 1980. N.G. Kerkboekhandel. R6,60 (JAV).

W. van 't Spijker: *Bij Brood en Beker.* 1980. De Groot, Goudriaan *f*75,00 (JJvdW).

P. B. van der Walt: *Die Ned. Geref. Kerk 1824—1905.* N.G. Kerkboekhandel. R6,50 (GPLvdL).

B. J. van der Walt e a.: *Venster op die Kerk. 20 Lidmate oor die reformasie van die Kerk in die jare 80* (DP).

A. B. du Toit e.a.: *Handleiding by die N.T.* Band IV. R8,75 (LF).